

Is gehoorsaamheid aan God se Torah (reëls) belangrik vir redding?

(’n Verkorte weergawe van “Is Torah observance a salvation issue?”,

<https://truthnitedministry.wordpress.com/is-torah-obedience-a-salvation-issue/>

Indien jy van mening is dat God se Torah (reëls) niks met jou saligheid te doen het nie, lees asseblief deeglik deur voordat jy jou finale besluit neem of enige mening vorm rondom hierdie lering.

Die belangrikste punt wat eerstens gemaak moet word is dit: geen mens verdien redding deur gehoorsaamheid aan Torah¹ nie, ook nie deur die doop of enige ander gebeurtenis in jou lewe nie; selfs nie eens deur die eerste keer wat jy Yeshua in vertroue aanvaar het nie. Hy is die “deur” waardeur ons verlossing ontvang, maar ons “verdien” of “behou” nie ons verlossing deur ons vertroue in Hom nie. Een van die bekendste bewyse hiervan is in Matt. 7:21-23, waar ons sien dat mense met “geloof”, vertroue, steeds sal eindig in die hel. Skrif is baie duidelik in dat redding ’n geskenk is, gratis gegee deur God-die-Vader; niemand verdien dit egter slegs deur geloof of vertroue in Yeshua of enigiets anders in Skrif nie.

Met dit gesê, is Skrif baie duidelik dat redding slegs moontlik is deur vertroue in Yeshua, maar stel dit ook baie duidelik dat diegene wat Vader se Torah verwerp in die buitenste duisternis gewerp sal word tydens die oordeel. Laat ons almal se geheue verfris en die genoemde verse hier aanhaal en verduidelik:

Matt 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil doen van My Vader, wat in die hemel is.

Matt 7:22 Op daardie dag sal baie vir My sê: ‘My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige daede gedoen nie?’

Matt 7:23 Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het van die begin van tyd af nie met julle ’n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat **teen die wet werk!**’

Wat beteken dit om “teen die wet” te werk? Dit is om God se Wet (reëls) te verontagsaam. Wie is die mense wat hier “teen die wet” werk? Dit is mense wat klaarblyklik profeteer, demone uitdryf en baie ander kragtige dinge doen onder gesag van God – dit is vandag se “Christene”! God sê vir hulle: “Gaan ver weg van my af!” want iemand wat “teen die wet werk” beoefen “Torahloosheid” – ongehoorsaamheid aan God en Sy reëls.

Dit is dan vir hierdie rede dat Torahloosheid ’n kwessie is van redding al dan nie. Torah-gehoorsaamheid kan en sal jou nie red nie – ons het dit hier bo uitgeklaar. Wanneer jy egter gered is, waarvan is jy gered? Jy is nie gered van die hel nie, omdat dit nie ’n Skriftuurlike beginsel is nie. Jy word gered van sonde:

Matt 1:21 Sy sal geboorte gee aan ’n Seun en sy sal Hom Yeshua noem, want Hy sal Sy mense van hulle **sondes red.**”

Hier moet almal duidelik verstaan: Skriftuurlike redding is redding van sonde, nie hel nie. Sonde word beskryf in

1 Joh. 3:4 **maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.**

Dus, indien jy gered is, is jy gered van Torahloosheid, gered van die verbreking van Vader se reëls. Die bewys hiervan is dan dat jy Vader se reëls graag sal wil nakom. Indien jou ondervinding anders is, is jy nie werklik gered nie, maar wel verbind aan godsdiens. Kyk gerus na Eseg 36:26-27 waar dit onweerlegbaar gestel word hoe ’n persoon lyk en optree wat redding ervaar deur Yeshua wat die verbond vir ons nuut kom

¹ Die Hebreeuse woord *Torah* word jammerlik as die wet van God vertaal en daarom het die ware betekenis verlore gegaan. Torah (die wet van God) is egter al die instruksies, onderrig en wysheid van God soos in die Skrifte opgeteken is en wat vir gelowiges leer hoe om in die regte verhouding met God te leef. Torah kan vergelyk word met die liefdevolle onderrig van ’n vader vir sy kinders.

maak het. Dit maak dus nie saak van al die wonderwerke wat jy laat gebeur het nie, hoeveel mense jy na redding gelei het nie, hoeveel keer jy die boodskap van saligheid verkondig het nie – indien jy Torah verwerp, verwerp jy Yeshua.

Enige persoon wat enige reël van Vader verontagsaam sal die woorde hoor: “Gaan weg van my!” Dit sluit in om onrein kosse te eet soos vark en skulpvis, nie Vader se Shabbat te onderhou nie, heidense godsdienste soos kersfees en “easter” aan te hang en daarin vasgevang te wees.

Ons lees in Joh 8:32 **en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.** Daardie waarheid word omskryf in Ps 119:142 **U onpartydige opregtheid is vir ewig en U wet is waarheid.** Dit is dus nie die verstandelike, bewustelike erkenning, soos almal geleer word, van “Jesus is die Christus” wat jou vry maak nie, maar deur die lees en bestudering van en gehoorsaamheid aan Torah, Vader-God se reëls, wat ons vry maak, verlos van sonde. Ons leer uit Jak 2:19 dat 'n “verstandelike erkenning” van “Jesus is die Christus” die geloof van demone is en eintlik 'n demoniese teologie tot gevolg het, soos ons ook sien in 1 Tim 4:1.

Skrif stel dit vir ons baie duidelik in 1 Joh 2:4 **Hy wat sê: ‘Ek ken Hom’ en Sy opdragte nie uitvoer nie, is ‘n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie.** Dit wil sê dat elke persoon wat Torah verbreek, wat nie leef volgens die reëls van God nie, is 'n LEUENAAR en die waarheid is nie in hulle nie. Ons moet beseef die eerste sonde het begin deur 'n leuen toe die vyand Vader-God se gesag, Sy reëls, bevraagteken het.

Yeshua leer ons in Joh 14:15 **As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.** Die teenoorgestelde van liefde is haat. In wese kan ons dus sê dat elke persoon wat Torahloos lewe, wat nie Yeshua se opdragte uitvoer nie, Hom haat of verwerp. Indien die hou of verbreking van Torah nie 'n kwessie van redding is nie, is daar geen nodigheid vir berou of inkeer nie. Berou is om sonde af te sweer deur vertroue in Yeshua en is dus 'n bewuste besluit om Torah-verbreking te staak. Indien gehoorsaamheid aan Torah, hetsy in geheel of afsonderlike opdragte, nie 'n kwessie was van redding nie, is dit onnodig om tot inkeer te kom en indien ons nie tot inkeer hoef te kom nie, val die hele reddingsboodskap uitmekaar.

Die toon van berou, om in te keer, is 'n kwessie van redding en is 'n verpligting om die gawe van redding te kan ontvang. Dit is die basis van Skrif wat algemeen aanvaar word deur die meeste Judeo-Christelike gemeenskappe, met sommige uitsonderings. Berou is om weg te breek van Torahloosheid en Torah-gehoorsaamheid toe te pas deur vertroue in Yeshua. Ongelukkig stel die meeste Christelike loslip, hiper-geloofsorganisasies dit so dat mense net hul geloof geestelik in Yeshua (“Jesus”) moet plaas en jy is gered – solank jy Yeshua as die Messias (Christus) beskou. Sommige instansies gaan nog steeds so ver as om slegs die “sondaarsgebed” te moet bid – iets wat nêrens in Skrif gevind word nie en eintlik 'n gekkespul is.

Net soos sonde en redding, is die verkeerde definisie van vertroue in Yeshua ook verkeerde teologie. Hy het ons kom leer van Torah-gehoorsaamheid – aanhoudend en indringend. Volgens Joh 5:46 het Yeshua gesê indien ons nie glo wat Moses oor Hom geskryf het nie (Torah), kan ons ook nie in Hom glo nie. Volle vertroue in die volledige Skrif is om Torah te gehoorsaam, want dan leer selfs die bekende Joh 3:16 ons van Torah-gehoorsaamheid. Yeshua is die lewende Torah; jy kan nie bely om in Yeshua te glo en dan die Torah, soos Hy dit vervul het, te verontagsaam nie. Dit maak nie sin nie.

Dit is ook belangrik dat ons die woord genade, verkieslik guns, reg verklaar. Ons sien in

Titus 2:11 **want die lewegewende onverdiende guns van God, is aan alle mense openbaar**

Titus 2:12 **en dit lei ons om boosheid en wêreldse begeertes te verwerp en in reinheid, onpartydige opregtheid en in die aanbidding van God in hierdie wêreld te leef**

'n Woordstudie van opregtheid gee vir ons: om goddelike reëls na te kom; om die opdragte (reëls, Torah) van God te gehoorsaam. Rom 6:19-20 stel sonde, die verbreking van Torah, direk teenoor opregtheid,

gehoorsaamheid aan Torah. Jy is dus óf 'n ongeredde Torah-verbreker óf 'n geredde Torah-onderhouer – daar is niks anders nie.

In Jak 4:4 vergelyk die apostel wêreldse skikkings gelyk aan vyandskap teen God. Ongeag hoe godsdienstig jy mag wees, hoe goed jy jou Bybel ken, bid, kerk toe gaan of aanbid, selfs jou “geloof” in Yeshua; indien jy nie LEEF volgens God se Torah nie, is jy 'n vyand van God – klaar!

Laat ons dit bietjie meer duidelik stel: indien jy onrein kosse eet wat in Levitikus 11 verbied word soos vark, krokodil, skulpvis, is jy 'n vyand van God. Indien jy heidense godsdienste aanhang soos kersfees, “easter”, “halloween” en dies meer, is jy 'n vyand van God. Indien jy 'n passiewe uitkyk het op seksuele immoraliteit, aborsie of ander dinge wat God se Woord verbied, is jy 'n vyand van God.

Dit is baie hartseer dat godsdiens probeer om Skrif ingewikkeld te maak, terwyl Deut 30:11-14 en 1 Joh 5:3 vir ons leer dat Torah-gehoorsaamheid baie eenvoudig is. As gevolg van hierdie menslike ingewikkeldheid dink meeste mense hulle “benodig” kerke en pastore en dit is ongelukkig hoe hierdie kerke, pastore en ander “Christelike” instansies hul miljoene maak deur die knoeiery van die massas. Sodra jy besef dat jy die gesag en krag het om alles te doen wat Skrif beveel slegs deur Yeshua as jou Verlossing te aanvaar, sonder om staat te maak op pastore, kerke of godsdiens, sal godsdiens sy mag oor jou lewe verloor en slegs dan sal jy waarlik vry wees. Bestudeer gerus die eerste-eeuse beweging, Die Weg, waarvan Paulus in Handeling praat en jy sal agterkom dat hulle geen kerke en 'n gereelde godsdiens gehad het nie – slegs vertroue in Yeshua as die Messias, gehoorsaamheid aan Torah en deelgenootskap met mekaar.

Ek het genoeg tyd om te wag dat iemand deur Skrif kan soek en vir my slegs een plek of gebeurtenis wys wat oorspronklik “Christelik” was. Dit is egter onmoontlik, want Christendom is 'n 500-jaaroue vals godsdiens. Inteendeel, dit is die vals godsdiens van 'n verdeling van 'n vals godsdiens vanuit die Romeinse vals godsdiens wat begin is 300 jaar na Yeshua. Niks in Skrif is “Christelik” of deel van wat vandag as “Christendom” beskou word nie. Die Woord van God, is 'n Hebreeuse boek; almal wat daartoe bygedra het is Hebreeus, met Yahweh as die Hebreeuse God en die agtergrond, kultuur en tradisies wat alles vanuit die Hebreeus kom. Christendom, soos dit tans beoefen word, is 'n vals godsdiens wat Skrif verkrag, woorde en gebeure verdraai en baie dinge weergee wat onwaar is.

Wanneer ons dinge bietjie ontleed en verder voer, is daar een sonde wat nie vergewe kan word nie en dit is die laster teen die Heilige Gees. Baie mense wonder wat dit is terwyl baie ander verskeie wysshede daaromtrent kwytraak. Dit is egter baie maklik om te bepaal, wanneer mens Skrif in konteks lees en toelaat dat Skrif homself uitlê. In Matt 12:24 beskuldig sommige godsdienstige leiers Yeshua daarvan dat Hy demone uitdryf deur Beelzebub. Hulle skryf dus die werk van die Heilige Gees toe aan satan, die duiwel – wat die laster is waarvan Yeshua praat.

Dus, indien daar dan 'n sonde is wat absoluut nie vergewe kan word nie, gaan dit oor 'n kwessie van redding. Dit staan tog duidelik dat indien jy nie vergewe kan word nie, jy ook nie gered kan word nie. Dit klink dalk baie kras, maar dit is nie ek wat die reëls gemaak het nie. Enigiets wat dus nie vergewe kan word nie, raak dus nou 'n kwessie van redding.

Ek noem hierdie, omdat Levitikus baie reëls bevat oor sondes gepleeg in onkunde asook bewustelike sondes. Numeri 15:22-29 leer ons van die aanvaardingsoffer vir onbewustelike sonde – iets waarvan die persoon of persone nie vooraf kennis gedra het nie. Verse 30 tot 31 bevat egter 'n ernstige oordeel en laat ons goed verstaan dat geen offer, van enige aard, gebring kan word vir doelbewuste sonde nie. Die skrywer(s) van Hebreërs beaam dit:

Heb 10:26 want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,

Heb 10:27 **maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer.**

Ek herhaal: hierdie is nie my reëls nie, maar God se reëls. Hier word dit duidelik gestel: enige persoon wat God uittart deur doelbewus en openlik Sy Torah te verontagsaam, nadat daardie persoon tot kennis van die waarheid gekom het, die uiteindelige pad van die vyand sal volg na die meer van vuur en swawel.

Skrif leer ons dat die hek klein en die pad smal is wat na lewe lei en dat min dit sal vind. Uit die 2,4 biljoen mense wat hulself as Christene beskou, volg meeste die vals leerstellings van redding wat bestaan uit “glo net in Jesus en jy sal gered wees”. **HIERDIE IS NIE SKRIFTUURLIKE REDDING NIE!** Dit is onvolledig en enigiets wat onvolledig is, is 'n leuen en afvalligheid van God. Enigiemand wat hierdie stelling in twyfel trek behoort die volledige Skrif in die regte verband te bestudeer.

Per definisie is afvalligheid die afswering van 'n godsdienstige leerstelling. Met betrekking tot Skriftuurlike vertrouwe, sluit dit ook in die oortreding in van Vader se reëls, Sy Torah. 2 Thes 2:3 koppel afvalligheid, ook rebellie of opstand, aan “die wettelose man”, waar wetteloos direk verwys na diegene wat Torah verontagsaam. Ons lees verder in dieselfde hoofstuk dat Paulus van mense skryf wat hulself as gered beskou maar wetteloosheid toepas – ongehoorsaamheid aan Torah – en hy beskou hulle as waansinnig, mense met 'n dwalingstoornis. Uit die syfers hierbo genoem, beteken dit ongeveer 'n derde van die wêreld se bevolking ly aan dwalingstoornis, waansinnigheid!

Rebellie is hier die grootste oorsaak – rebellie teen gesag, soos ons sien met die sondeval; uit rebellie teen Brittanje het Amerika tot stand gekom; Protestantisme het ontstaan uit rebellie teen die Rooms Katolieke Kerk ongeveer 500 jaar gelede. Selfs hier sien ons dat “protes” die grondwoord is van Protestant. Mense sien duidelik nie raak dat meeste dinge wat hulle doen geskoei is op een of ander vorm van rebellie nie. In stede daarvan om homself in vertrouwe te onderwerp aan God se gesag, noukeurig volgens die beginsels in Skrif aangegee, verkies die gemiddelde mens om sy eie kop te volg of die leuens van godsdienste wat nie deur Vader-God daargestel is nie – sonder om enigiets self te ondersoek.

Hier is egter ook 'n waarskuwing aan predikers en leraars: Jak 3:1 **Daar moenie baie leermeesters onder julle wees nie, my broers, want julle weet dat ons 'n groter beoordeling sal ontvang,**

Meeste “herders”, leraars, pastore, predikante, haal hierdie vers baie min aan. Meeste van hulle “lei” hul kuddes op die pad van Torah-ongehoorsaamheid. Yeshua self leer ons tydens die bergprediaksie in Matt 5:19 **Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel.** Ons sien dus dat die logiese gevolg van hierdie verse beteken 'n groot beloning vir hulle wat mense leer volgens God se reëls.

Dit is daarom my plig om mense te waarsku teen die oordeel van God volgens Eseg 3:16-21 en Eseg 33:7-9 vir hulle wat volhou met hul ongehoorsaamheid aan Torah. Jy is nou bewus van hoe God jou lewenswyse wil hê, wat Hy van jou verwag. Indien jy aangaan met jou lewe, sondig jy doelbewus teen God en Sy reëls.

Ons leer in Rom 2:13 **want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar die wat die wet doen, word onskuldig verklaar.**, 'n vers wat onmiddellik 'n uitklophou toedien aan soteriologie, die Christelike reddingsteologie. Indien ons egter volgens Skrif hierdie vers wil bekragtig, moet ons dit doen deur twee of meer getuies. Ons sien in Jak 2:24 **Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur daad en nie alleen deur die ‘geloof’ nie?**, wat bevestig wat hy later sê:

Jak 5:19 **My broers, as een van julle van die pad van die waarheid afgedwaal het en iemand hom van sy fout af laat omdraai na God toe,**

Jak 5:20 laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van die foute van sy lewe, na God toe laat omdraai, 'n gees uit die dood red en 'n menigte sondes bedek.

Hier praat Jakobus met gelowiges, navolgers van Yeshua wat alreeds gered is. Hy verduidelik dat hulle mense van die dood sal red indien hulle afvalliges terugbring tot geloof in Yeshua. Niemand kan dit duideliker stel nie.

Ek wil graag afsluit met Open 14:12 Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua. Duidelik is dit nie net vertrou (geloof) in Yeshua nie, maar ook Torah-gehoorsaamheid wat benodig word – albei is ewe belangrik en onafskeidbaar. Die Jode wat Yeshua verwerp, verwerp ook die een helfte van die reddingskwessie, terwyl die gemiddelde “net-geloof-in-Jesus”-Christen die ander helfte verwerp. Die boek van Prediker eindig met die woorde:

Pred 12:13 Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: "Vrees God respekvol en doen Sy opdragte, wat gegee is deur Een Meester aan elke mens,

Alle aanhalings is geneem uit die Afrikaanse vertaling, Pad van Waarheid tot die Lewe, (PWL), wat gratis as pdf-dokument afgelaai kan word by www.padwlewe.ch. 'n Harde kopie kan verkry word deur Gerrie Coetzee te kontak by 0743612134 of gerrie@padwlewe.ch. Toepassings is ook beskikbaar vir beide iPhone en Android slimfone. Beperkte boeke is tans beskikbaar vir blinde en besige persone in klankformaat deur my te skakel by 0837745609 of per e-pos te kontak by hein@zentgraf.org.